higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

(8011024)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A en B.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING C.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Identifiseer die TWEE stelle faktore wat gelyktydig teenwoordig moet wees voordat ’n misdaad kan plaasvind …

A primêre misdaadvoorkoming- en sekondêre misdaadvoorkoming-faktore
B biologiese model en aanleidende faktore
C snellerfaktore en aanleidende faktore
D afskrikkingsmodel en tersiêre misdaadvoorkoming

1.2 Kies die opsie wat die voordele van intervaloefening beskryf.

A Verhoog spierstyfheid; verbeter jou spoed; verminder jou uithouvermoë en verbeter jou kardiovaskulêre fiksheid.
B Verminder spierstyfheid; verbeter jou spoed, verbeter jou uithouvermoë en gebruik minder energie
C Verminder spierstyfheid; verbeter jou uithouvermoë; verbeter jou spoed en verbeter jou kardiovaskulêre fiksheid.
D Verminder spierstyfheid; is vervelig; verbeter jou spoed en verbeter jou kardiovaskulêre fiksheid.

1.3 Identifiseer die wetenskaplike dissiplines wat by die identifisering van liggame toegepas kan word.

A Daktiloskopie; forensiese odontologie; forensiese antropologie en forensiese geneeskunde.
B Daktiloskopie; gesigsherkenning; ideologie en iridologie.
C Vingerafdrukke; foto’s; beroepsmerke en iridologie.
D Vingerafdrukke; radiologie; iridologie en forensiese antropologie.

1.4 Kies die korrekte aktiwiteit wat gedurende ’n 12-uur-skof deur uniformdraende beamptes in die gemeenskapsdienssentrum uitgevoer word.

A Besoek oortreders wat in die polisieselle aangehou word elke 12 uur om seker te maak dat hul menseregte nie geskend word nie.
B Teken alle prosedures aan wat gevolg word wanneer gemeenskapslede misdade aanmeld om te verseker dat menseregte nie geskend word nie.
C Teken die besoeke van aangehoudenes in die polisieselle en die uitkomste daarvan in die SAP 15 aan.
D Verwys klaers na ander polisiekantore wanneer die misdaad nie in die aanmeldkantoor se jurisdiksie plaasgevind het nie.

Kopiereg voorbehou

1.5 Watter term hier onder maak NIE deel uit van die fondament waarop misdaadondersoek gebaseer behoort te word nie?

A Inligtingsontwikkeling
B Laissez-faire-toesighouding
C Saakdossier-inspeksie
D Saaktoewysingsprioriteit

1.6 Watter term pas NIE in by die onderstaande lys nie?

A Angiogram
B Lipogram
C Mammogram
D Organogram

1.7 Die SWOT-afkorting staan vir ...

A Sterk punte, Swakhede, Doelwitte, Verrassings.
B Scenario's, Swakhede, Doelwitte, Bedreigings.
C Scenario's, Werk, Geleenthede, Verrassings.
D Sterk punte, Swakhede, Geleenthede, Bedreigings

1.8 Nominale groeptegniek word gebruik om gebeurlikheidsplanne te ontwikkel en dit is 'n manier ...

A om nuwe idees te identifiseer en te genereer.
B om voorheen gebruikte idees te identifiseer en te genereer.
C wat soortgelyk aan die aanbiedingstegniek is.
D wat soortgelyk aan die visbaktegniek is.

1.9 Kies die omvattendste beskrywing van misdaadtonele:

A Persoonsgerigte tonele; afgryslike tonele; mobiele tonele en buitelugtonele.
B Persoonsgerigte tonele; binnenshuise tonele; deduktiewe tonele en mobiele tonele.
C Persoonsgerigte tonele; binnenshuise tonele; buitelugtonele en mobiele tonele.
D Persoonsgerigte tonele; induktiewe tonele; buitelugtonele en mobiele tonele.

1.10 Watter EEN van die volgende owerhede kan NIE borgtog verleen nie?

A Die polisie
B 'n Gemagtigde aanklaer
C Die hof
D Die metropolisie

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die Geografiese inligtingstelsel (GIS) bevat kaarte van aangemelde misdade asook misdaadpatrone, misdaadtendense en tydontleding.

2.2 Misdaadondersoek verskil nie van misdaadvoorkoming nie.

2.3 Toesighouers moet goeie bestuurders asook goeie leiers wees.

2.4 Transvette is vette wat verwerk is om hulle langer te laat hou.

2.5 Samewerking- en verhoudingskwessies tussen die polisie en die gemeenskap het nie 'n uitwerking op die stryd teen misdaad nie.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Scenario	A	bendelede
3.2	Subjektief	B	om die ooreenkomste of verskille tussen dinge waar te neem
3.3	Klustervlak	C	om terug in aanhouding te stuur
3.4	Uitstel	D	bevele of instruksies
3.5	Entomofobie	E	die manier waarop 'n situasie kan ontwikkel
3.6	Dossier	F	vrees vir kruipende insekte
3.7	Noktifobie	G	vrees vir oop ruimtes of skares
3.8	Ndota (ndoda)	H	vrees vir donkerte
3.9	Voorskrifte	I	gebaseer op persoonlike menings en persepsies
3.10	Vergelyking	J	deur die klaer geregistreer
		K	'n lêer wat gebruik word om inligting oor 'n misdaad te berg
		L	'n struktuur wat uit verskeie polisiekantore bestaan

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

langtermynbeplanning; datum; monitering; plek; toekomsgerig; onmiddellike misdaad; stappe; oorsig van misdaad

'Strategiese ontleding' verwys na die (4.1) ... van misdaadtendense aan die hand van tyd en geografiese ligging. Dit is (4.2) ... en word gebruik vir (4.3) ... en die toewysing van hulpbronne.

'Operasionele ontleding' is gerig op (4.4) ... probleme en die (4.5) ... wat gedoen word om dit te hanteer.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

VERSLAGDOENING OOR SUID-AFRIKA SE MISDAADONDERSOEKPROBLEME

Misdaad kan voorkom word deur óf die geleentheid (om misdaad te pleeg) óf die begeerte (om misdaad te pleeg) te verwyder. Indien 'n misdaad egter die voorkomende poging ontglip, sal die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) die misdaad ondersoek. Dit sal getuienis identifiseer, die geïdentifiseerde getuienis met iets anders vergelyk, en die persoon of persone wat vir die misdaad verantwoordelik is, opspoor. Die SAPD sal daarna hierdie persoon met toepaslike en ware getuienis aan 'n geregshof oorhandig vir 'n beslissing.

Die misdaadstatistieke vir Suid-Afrika vir die tydperk Januarie tot Maart 2023, soos deur generaal Bheki Cele, Minister van Polisie, op 30 Mei 2023 bekendgemaak, is wyd in Suid-Afrika se hoofstroommedia gedek. Die inligting bevestig 'n styging van 3.4% in die moordstatistieke van ons land en dat die meeste moorde in die provinsie KwaZulu-Natal (KZN) gepleeg is. Daar is ook berig dat 969 vroue vermoor is teenoor 898 'n jaar gelede; meer as 10 vroue per dag oor die drie maande wat gedek is. In 1997, 26 jaar gelede, het Suid-Afrikaners egter reeds toegekyk hoe "misdade teen vroue en kinders" tot 'n polisiëringsprioriteit (in die 1997/1998-Polisieplan) verklaar is. Dit word beskou in die lig van die siening van dr Chris de Kock, 'n onafhanklike misdaadkundige wat in Junie 2022 deur die media aangehaal is, dat moord in Suid-Afrika 'ontplof' het, die ergste nog in die demokratiese era, wat Suid-Afrika vierde ter wêreld plaas.

Enkele jare gelede het dr Johan Burger (in sy verslag tydens die Detective Dialogue, byeengeroep deur die Portefeuljekomitee oor Polisie op 5 September 2012) verduidelik dat speurders op enige gegewe tydstip 100 dossiere vir ondersoek ronddra. 'n Meer hanteerbare las, het hy gesê, sou tussen 50 en 60 dossiere per speurder wees. Die opsporingskoers vir moord gedurende die 2021/2022-verslagjaar, het dr Burger by 'n ander geleentheid gesê, was 14.5%. Dit beteken dat 84.5% van alle moorde in SA nie opgelos word nie. Gedurende Mei 2023 het dr Blade Nzimande, onder wie se toesig

hoër onderwys en opleiding ressorteer, die voltooiing van haalbaarheidstudies vir die Universiteit vir Misdaadopsporing in Hammanskraal aangekondig. Hierdie optrede spruit uit president Ramaphosa se 2020-staatsrede "om die gehalte van algemene en gespesialiseerde ondersoeke te verbeter".

Polisiebeamptes, speurders ingesluit, het ook ander slegte mediadekking gekry. Misdaadvoorvalle, verontagsaming van die oppergesag van die reg en regte van mense, en die formulering van ongegronde aantygings teen hul bevelvoerders deur speurders, is in die media, akademiese navorsingsverslae en kommissies van ondersoek gerapporteer (waarvan die "Zondo"-kommissie die aandag van Suid-Afrikaners aangegryp het.) Die publiek word ook gereeld gekonfronteer deur verslae van oorgewig, onfikse speurders wat nie die fisieke uitdagings van polisiewerk kan hanteer nie. Verskeie programme is beskikbaar om die polisie te help om die vlakke van fisieke fiksheid te handhaaf wat benodig word om die werk te doen, maar verslae is onduidelik oor die gereelde bywoning hiervan deur polisiebeamptes.

[Vertaal uit: https://www.facebook.com/chris.botha.9615]

5.1 Verduidelik kortliks hoe jy die *SARA-model* sal gebruik om die probleme te hanteer wat in die scenario geïdentifiseer is. (10)

5.2 Bespreek die *hantering van getuienis* op die misdaadtoneel. (5)

5.3 Verduidelik hoe saluering en erkenning die *dissipline* van speurders kan verbeter. (5)

5.4 Beskryf hoe die 'vaardigheid-en-vrees-fiksheidstoets' die *fisieke bevoegdheid* van speurders om polisiewerk doeltreffend *uit te voer,* kan verbeter. (5)

[25]

VRAAG 6

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

MISDAADVOORKOMING, EN DIE MENSE VAN MXOLICI'S VILLAGE

Die Spur-restaurant op die strandfront in Mxolici's Village is omstreeks 22:00 op Donderdag 2 Maart 2023 beroof.

Die gemiddelde sosiale media-leser, of die mense van provinsies in die binneland wat met hoë brandstofpryse te doen het as hulle ons dorp besoek, sal moontlik vraend opkyk en vra: "en...?" Dit is omdat 'n rooftog by 'n Spur, of 'n huis, of 'n vulstasie, of 'n 24-uur-geriefswinkel, nie vir die meeste mense wat in Suid-Afrika woon iets nuuts of ongewoons of onverwags is nie.

Dit is egter nie op ons van toepassing nie.

Hier in Mxolici's Village weet mense nog nie van misdaad nie. Misdaad gebeur op ander plekke. Ons is in 'n vakansiedorp wat bewoon word deur ouer geslagte, jonger geslagte wat op soek is na 'n beter plek vir hul kinders, en geslagte uit die binneland wat in 'n veilige en gesonde provinsie en munisipale gebied wil woon en werk. Dit is 'n plek waar mense steeds vry is. Ons kan ons kinders skool toe neem sonder om ten aanskoue van die hele skool afgemaai te word, of speletjies op die grasperk

speel, of op silwerskoon strande hardloop met die dreuning van onbesoedelde water in ons ore. Ons kan steeds in ons motors by verkeersligte sit sonder om ons nekke te verstuit soos ons op die uitkyk is vir kapers of mense wat vensters breek. Ons kan beurtkrag hanteer omdat daar vir ons geen gevare in die donker skuil nie.

Met die rooftog by ons Spur, wat in die hart van ons pragtige vakansiedorp geleë is, het iets gebreek.

Ons moes dit natuurlik verwag het. Misdadigers beweeg na waar die teikens is. Ons teikens is weerloos, ontspanne, en verlig om ver van die misdaadbesmette groot stede te woon. Ons sal dus moet bepaal of ons geskikte proaktiewe maatskaplike veiligheidsprosedures het om 'n moontlike toename in misdadige aktiwiteit deur hierdie beweging van mense teen te werk. Ons sal ons mense moet herinner aan misdaadveroorsakingfaktore en die risiko's, aangesien Suid-Afrika sukkel om die status van 'n mislukte staat te vry te spring. Ons moet die grondoorsake van misdaad ondersoek asook die moontlikhede wat voorsien word deur die kollektiewe mobilisering van ons polisiediens, ons plaaslike asook provinsiale verkeerspolisie, en ons munisipale wetstoepassingsagentskappe. Ons behoort die uitdagings te verstaan wat gepaard gaan met die kommunikasie met die mense oor kwessies waarvan hulle nie regtig wil hoor nie. Kwessies wat nie deel uitmaak van die samestelling van ons Mxolici's Village nie. …

Mondli Makhanya skryf in City Press (op 25 September 2022, *Sound of the African Hum*) oor die klank van kragopwekkers op die Afrika-kontinent se belangrikste stede as dit aand word.

Die rooftog by die Spur-restaurant op die Mxolici's Village-strandfront het plaasgevind terwyl die kragopwekkers van Mxolici's Village die naglug gevul het...

[Bron: Vertaal uit https://www.facebook.com/chris.botha.9615]

6.1 Onderskei tussen die begrippe *data*, *inligting* en *intelligensie*. (3)

6.2 Pas die *PESTLE-benadering* toe om samewerking tussen polisiëringsagentskappe te bevorder. (12)

6.3 Verdedig die gebruik van *plaaslike kennis* in die ontleding van misdaadvoorkomingsprobleme. (5)

6.4 Som die voordele van *rekenaargesteunde aanbiedings* (RGA's) op om 'n misdaadvoorkomingsplan aan die gemeenskap voor te lê. (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende vrae:

VRAAG 7

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

DIE GOEIE SKOF

"'n Goeie skof vir betrokke beamptes hou grootliks daarmee verband dat hulle in hul toesighouers se goeie boekies is. Dit vereis dikwels dat prestasieteikens bereik word, soos nommers van bewysstukke wat gereed is vir inspeksie; mense wat voorgekeer word; of arrestasies wat gedoen word. Wanneer sulke handelinge en die gepaardgaande produksie van data toereikend uitgevoer word, staan dit bekend as *suksesse* in die SAPD."

"In Hoofstuk 2 het ek aangedui dat dit by die oggendvergaderings en -parades was, wanneer beamptes en speurders byeenkom voordat hulle na hul kantore en motors beweeg, dat ek die meeste vreugde waargeneem het in diegene wat ek gevolg het. Ek het egter nie altyd gebly vir einde-van-die-dag-vergaderings en -parades nie; hulle was gewoonlik kort en onbelangrik. Die waarheid is dat daardie wat ek wel bygewoon het, ook met vreugde gevul was. Ja, polisiebeamptes was moeg ná 'n dag se werk, maar 'n ligtheid het tydens daardie byeenkomste na hulle teruggekeer. Soms was dit nie nodig om daarvoor te soek nie; dit was daar op die oppervlak, en het opgeborrel deur die grappe en parmantige kwinkslae voor die byeenkomste begin het, en sodra hulle vir die dag vrygelaat is. In 'n sekere sin is dit presies hoe dit gevoel het: dat hulle *vrygelaat* word. Hulle word toegelaat om terug te keer na die stories wat hulle vir hulself oor hulself buite hul beroep vertel; na hul lewens sonder koërsiewe bevelvoerders en die beperkings van burokrasie om hul sosiale lewe te lei en te word wie hulle behoort te wees. Dit was in die oggende wat hulle 'n deel van hulself aan die organisasie oorgegee het, en hulle het dit slegs teruggeëis wanneer die werksdag amptelik verby was."

[Vertaal uit: *Faull, A. (2018). Police work and identity: A South African ethnography. London: Routledge*; pp 63, 179-180, verbatim].

7.1 Onderskei tussen VIER operasionele verslae waaruit "'n goeie skof", soos in die scenario beskryf, kan bestaan. (10)

7.2 Ontleed die onderskeie polisiëringsdienste deur uniformdraende beamptes wat tydens 'n skof uitgevoer word. Na jou mening, waarom het dit gelyk asof die polisiebeamptes in Faull se studie hul skofte so geniet? (10)

[20]

OF

VRAAG 8

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

GRONDWETLIK NAKOMENDE EN NIENAKOMENDE AKTIWITEITE BY POLISIEKANTORE

*Die Compassionate Confronter** bestaan reeds die afgelope drie jaar. Dit is 'n gewilde kwartaallikse e-vaktydskrif oor wetenskap wat die grense daarvan verken om die waarheid op 'n deernisvolle manier te praat. Tot dusver oor die drie jaar was die polisie (die organisasie) en polisiëring (die funksie) baie sigbaar in die *Confronter.* 'n Inhoudsontleding van artikels lewer 'n fassinerende versameling ontluikende temas.

Daar is die vraag oor Suid-Afrika se uiters hoë, en toenemende, misdaadstatistieke en die persepsie dat die strafregsplegingstelsel die land en sy mense in die steek laat.

Die vraagstuk van falsitas (om onwaar, bedrieglik, 'n leuen te wees) kom deurgaans voor. Verskeie kommissies van ondersoek en navorsingsdokumente is duidelik sigbaar. In hierdie verband is die Marikana-voorval, die Zondo-kommissie en die publikasies deur ondersoekende joernaliste beskikbaar. Fidusiêre mislukkings, wat na bewering tot selfverryking van polisiebeamptes lei, word blootgelê, veral wanneer 'n mens die werksprestasies van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se verskillende Nasionale Kommissarisse oor die afgelope twee dekades bestudeer. Een skrywer voer 'n onomstootlike argument aan dat beloningstelsels in die SAPD deur polisiebeamptes misbruik word deur middel van die manipulasie van misdaadstatistieke.

Hierdie onrusbarende sigbaarheid van korrupsie en ander misdade, swak leierskap en swak dienslewering laat ernstige bedenkinge oor Suid-Afrika se grondwetlike omgewing. Daar word bloot van polisiebeamptes verwag om die grondwetlike en statutêre voorskrifte na te volg wat met hul werk verband hou. 'n Mens kan nie help om te wonder oor die menings van Sanja Kutnjak Ivković ** en haar medeskrywers nie: miskien is dit nie 'n geval van die polisie en polisiëring in Suid-Afrika wat hier en daar 'n vrot appel bevat wat afsonderlik 'n plekkie in die vaatjie om hulle verrot nie, maar eerder 'n geval van die polisie en polisiëring in SA wat 'n verrotte boord is, 'n sistemiese gemors.

Integriteit kan nie in 'n verrotte boord aangetref word nie, selfs al soek jy simpatiek daarna.

*Beskikbaar in die openbare domein by https://confronterjournal.weebly.com.
**Kutnjak Ivković, S., Sauermann, A., Faull, A., Meyer, M.E. and Newham, G. (2021). *Police Integrity in South Africa.* New York: Routledge.

[Vertaal uit: *https://civinovus.co.za]*

8.1 Lewer kritiek op die volgende stelling: 'In 'n grondwetlike staat moet die polisie 'n direkte opdrag van 'n politikus of senior kommissieoffisier gehoorsaam, selfs al is die opdrag onwettig'. (5)

8.2 Besin oor die belangrikste geleenthede vir nienakoming van die reg wat tydens 'n skof by 'n polisiekantoor kan voorkom. (15)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou